16.19 RAPPORT 14: DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – LESSENAAR OOSTE (Artt 61, 68)

A. Ds HS Coetzee lewer die Rapport en rapporteer dat die PCK/K se naam verander het na Kosin PCK.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

Deputate verantwoordelik vir die lessenaar: Prof SP van der Walt (s) en prof HG Stoker.

1. Kosin Presbyterian Church of Korea (K PCK)

Ekumeniese eenheid

Vir kennisname

1.1 *Opdrag*

1.1.1 Ekumeniese eenheid met die PCK (Kosin) word herbevestig en uitgebou.

1.1.2 Die bediening van die Kosin-kerke in China en omliggende lande word biddend opgedra en berig daaroor word diskreet in *Die Kerkblad* gegee.

1.1.3 Die Deputate kry opnuut opdrag om nagraadse studente te nooi uit die Kosin Kerke om in Potchefstroom te kom studeer. Die aangeleentheid moet in samewerking met die Teologiese Skool en Fakulteit Teologie hanteer word.

Besluit: Punte 1.1.1 tot 1.1.3 kennis geneem.

1.2 *Uitvoering van opdrag*

1.2.1 Korrespondensie met die PCK is deurlopend behou.

1.2.2 'n Besoek is afgelê aan die PCK se 63e Algemene Sinode waartydens groete vanaf die GKSA oorgedra is en die bande van eenheid in leer, diens en tug herbevestig is. Tydens hierdie besoek is ook waardevolle gesprekke met hulle Deputate gevoer, waaronder nagraadse studiemoontlikhede vir studente uit Korea en die sendingwerk van die PCK in Suid-Afrika.

Besluit: Punte 1.2.1 en 1.2.2 kennis geneem.

Vir besluitneming

1.3 *Aanbevelings*

1.3.1 Aan die te benoeme Deputate word opgedra om ekumeniese eenheid met die PCK te herbevestig en uit te bou.

1.3.2 Die te benoeme Deputate kry opdrag om voort te gaan om nagraadse studente te nooi uit die Kosin Kerke om in Potchefstroom te kom studeer. Die aangeleentheid moet in samewerking met die Teologiese Skool en Fakulteit Teologie hanteer word.

1.3.3 Die te benoeme Deputate kry opdrag om die sendingwerk deur die PCK in Suid-Afrika te monitor en hieroor met die PCK in gesprek te bly.

1.3.4 Daar word in die volgende termyn van die Deputate se werksaamhede weer 'n Deputaat afgevaardig om 'n Sinode van die RCJ by te woon.

Besluit: Punte 1.3.1 tot 1.3.4 goedgekeur.

2. Independent Reformed Churches in Korea (IRCK)

Ekumeniese kontak

Vir kennisname

2.1 *Opdrag*

2.1.1 Kontak word met die IRCK behou.

2.1.2 Opvolggesprekke oor hulle behoefte aan teologiese opleiding word gevoer.

Besluit: Punte 2.1.1 en 2.1.2 kennis geneem.

2.2 *Uitvoering van opdrag*

Deurlopende kontak met die IRCK is gedurende termyn behou. Ongelukkig kon gesprekke tydens die Deputate se besoek aan Suid-Korea nie realiseer nie.

Besluit: Kennis geneem.

Vir besluitneming

2.3 *Aanbevelings*

2.3.1 Kontak word met die IRCK behou.

2.3.2 Opvolggesprekke oor hulle behoefte aan teologiese opleiding word gevoer.

Besluit: Punte 2.3.1 en 2.3.2 goedgekeur.

3. Reformed Church Japan (RCJ)

Ekumeniese eenheid

Vir kennisname

3.1 *Opdrag*

3.1.1 Daar word in die volgende termyn van die Deputate se werksaamhede weer ‘n Deputaat afgevaardig om ‘n Sinode van die RCJ by te woon.

3.1.2 Die ekumeniese eenheid in leer, diens en tug word bevestig soos dit tans bestaan en geformuleer is.

3.1.3 Nouer samewerking word met die PCK (Kosin), PCA en OPC gesoek wat aktief werksaam is in sendingwerk in Japan.

3.1.4 Verdere aandag word gegee aan die moontlikheid om ‘n sendeling na Japan te stuur. Samewerking met Missie Japan word in die verband voortgesit.

Besluit: Punte 3.1.1 tot 3.1.4 kennis geneem.

3.2 *Uitvoering van opdrag*

‘n Uitnodiging word afgewag na hulle jaarlikse Sinode in Oktober 2014.

Besluit: Kennis geneem.

Vir besluitneming

3.3 *Aanbevelings*

Rapportering sal in ‘n Aanvullende Rapport plaasvind in die lig van die besoek aan hulle Sinode gedurende Oktober 2014.

Besluit: Goedgekeur.

4. Sri Lanka (LRC)

Ekumeniese kontak

Vir kennisname

4.1 *Opdrag*

4.1.1 Kontak word opnuut met die persone in Sri Lanka opgesoek.

4.1.2 Nouer kontak met die GKN (V) en die WRF gemaak word oor hulle bediening in Sri Lanka**.**

Besluit: Punte 4.1.1 en 4.1.2 kennis geneem.

4.2 *Uitvoering van opdrag*

Tydens ‘n besoek aan Nederland deur Deputate, is kontak opgeneem met afgevaardigdes van Sri Lanka.

Besluit: Kennis geneem.

Vir besluitneming

4.3 *Aanbeveling*

Dat kontak opgeneem en behou en verder uitgebou word met die LRC in Sri Lanka.

Besluit: Goedgekeur.

5. Indonesië

Ekumeniese kontak

Vir kennisname

5.1 *Opdrag*

5.1.1 Die Deputate stel ondersoek in na die erkenning van ekumeniese eenheid met die Gereformeerde Kerke in Wes-Timor. Hiervoor moet eenheid van die leer, diens en tug met die Gereformeerde Kerke in Wes-Timor ondersoek word.

5.1.2 Die Deputate moet saam met die TSP die moontlikheid van samewerking ten opsigte van teologiese opleiding in Java ondersoek.

5.1.3 Die samewerking van kerkgemeenskappe met wie die GKSA ekumeniese eenheid onderhou, moet ter wille van betrokkenheid by die kerke in Indonesië, verkry word (kyk 4.3.3.1). Kontak in hierdie verband moet ook opgeneem word met die Gereformeerde Kerke in Australië en Nederland, omdat hierdie lande noue verbintenisse met Indonesië het vanweë geografiese en historiese redes.

5.1.4 Kontak word gesoek met die Evangelical Presbyterian Churches in Djakarta.

5.1.5 Korrespondensie word met dr Hardjowasito opgeneem wat tans rektor is van ‘n Teologiese Kollege in Djakarta.

Besluit: Punte 5.1.1 tot 5.1.5 kennis geneem.

5.2 *Uitvoering van opdrag*

5.2.1 Tydens die afgelope termyn kon daar nie ‘n besoek aan Indonesië gebring word nie.

5.2.2 Kontak met die kerke word behou en voortgesit.

Besluit: Punte 5.2.1 en 5.2.2 kennis geneem.

Vir besluitneming

5.3 *Aanbevelings*

5.3.1 Dat, gedurende die termyn van die te benoeme Deputate prioriteit verleen word aan Gereformeerde Kerke in Wes-Timor. Hiervoor moet eenheid van die leer, diens en tug met die Gereformeerde Kerke in Wes-Timor ondersoek word.

5.3.2 Die Deputate moet saam met die TSP die moontlikheid van samewerking ten opsigte van teologiese opleiding in Java ondersoek.

Besluit: Punte 5.3.1 en 5.3.2 goedgekeur.

6. Indië

Ekumeniese kontak

Vir kennisname

6.1 *Opdrag*

6.1.1 Doelbewuste kontak word met die PCA asook die denominasies wat verteenwoordig is in die ICRC gemaak oor die sendingwerk wat tans in Indië plaasvind.

6.1.2 Besoek word deur die Deputate self afgelê om moontlike bande en samewerking saam met ds Kumar te fasiliteer.

6.1.3 Gereelde opdateringsrapporte word van die GK Rietvallei opgevra.

Besluit: Punte 6.1.1 tot 6.1.3 kennis geneem.

6.2 *Uitvoering van opdrag*

6.2.1 Dr DG Breed en prof HG Stoker het op 26 Oktober 2013 die Sinode van die RPCI te Derha Dun bygewoon. Die RPCI het 32 gemeentes. Die RPCI bely die Westminster Belydenis. Hulle aanvaar ook die drie Formuliere van Eenheid. Die prinsipaal van die Presbyterian Theological Seminary, dr Chacko, het na aanleiding van die HK se vraag en antwoord metode, ‘n uiteensetting van die Gereformeerde Belydenis gerig op die deel van Asië, in Hindi en Nepals opgestel. Die RPCI het kerklike eenheid met die GKN Vrygemaak. Hulle het histories wel bande met die PCA uit wie se sendingwerk die noordelike “Klassis” ontstaan het. Die RPCI is deel van die ICRC en die WRF. Die blyk dat die RPCI groot erns maak met Skrifgetrouheid in opleiding, prediking, besluitneming, ens.

Die RPCI se kerkregering is ‘n kombinasie van die Presbiteriaanse en die Gereformeerde kerkregering. Die Sinode van die RPCI het besluit om ons advies te volg en te versoek om ekumeniese bande met die GKSA.

6.2.2 Op Dinsdag 29 Oktober 2013 het dr Breed en prof Stoker in Chhapara met 4 predikante en 10 ouderlinge van die Presbyterian Free Church vergader. Die kerk wat in 1901 deur sendelinge van die Free Church van Skotland begin is, het ook ekumeniese bande met die GKN Vrygemaak asook die Free Church of Eastern Australia. Hul is lid van die ICRC. Die PFC bestaan uit 4 gemeentes en verskeie kerkplant-aksies. Die kerk het Christelike skole (die een in Chhapara het meer as 1000 skoliere), hospitale en het ook ‘n kinderhuis gehad (waaruit hul eerste predikant, ds Kumar, gekom het). Hul predikante is di SamitMishra (Chhapara), ShgamBabu (Lakhnaden), Emmanuel Ekka (Paltar-VijahNnga) en S Kihal (UrgaKorba).

6.2.3 Ds Rajesh Kumar is predikant van die GK Rietvallei, gestuur na Indië om die evangelie te verkondig en gemeentes te versamel. Dr Breed en prof Stoker het hom en sy gesin besoek, heelwat gemeentelede en kerkleiers ontmoet, erediens gelei, ‘n gesprek gehad met predikers van ‘n wye verskeidenheid van kerkgroeperinge, en selfs na ‘n moontlike plek van opleiding van predikers vir die Reformed Church of India gaan kyk. Dit is duidelik dat daar ‘n groot behoefte aan basiese teologiese opleiding onder die Christen predikers is. Om vir Rajesh te help met die kerkplanting en opleiding word gepoog om van die jongmanne uit sy gemeentes na die TSP te bring vir opleiding.

Besluit: Punte 6.2.1 tot 6.2.3 kennis geneem.

Vir besluitneming

6.3 *Aanbevelings*

6.3.1 Dat die GKSA ekumeniese bande met die RPCI sluit.

6.3.2 Dat by die Sinode aanbeveel word dat aan die PFC(CI) ekumeniese bande aangebied word.

6.3.3 Dat die werk wat ds Kumar in Indië in die uitbouing van die Gereformeerde Kerk in Indië ondersteun word.

Besluit: Punte 6.3.1 tot 6.3.3 goedgekeur met ‘n besondere woord van dank aan die GK Rietvallei vir die rol wat hulle in hierdie bediening speel.

7. Turkye

Ekumeniese eenheid

Vir kennisname

7.1 *Opdrag*

“Die Deputate Ekumenisiteit Buitelands kry opdrag om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en gemeenskaplike belang kragtens KO, art 49.” “Die uiteindelike eenheid van Gereformeerde Kerke moet as ons dringendste en belangrikste ekumeniese roeping gesien word” (vgl Acta, 2009:162).

Besluit: Kennis geneem.

7.2 *Uitvoering van opdrag*

Tydens sy deelname aan die WRF se konsultasie in Maart 2013 oor die bystaan van Gereformeerde Kerke in Moslemlande, het dr PJ Buys en prof HG Stoker die predikant van die Protestante Kerk van Smirna (Izmir), rev Bocek, ontmoet. In September 2013 het prof Stoker ‘n besoek gebring aan Izmir. Een van die predikante van ‘n ander van hulle gemeentes in die stad het ook die gesprek bygewoon. Uit die gesprekke het duidelik geblyk dat die kerkgroepering erns maak met die Skrif en die Gereformeerde Belydenis.

Hulle is dan ook besig om verskeie standaard Gereformeerde werke in Turks te vertaal. Die kerkverband het 4 gemeentes in Izmir (Smirna), asook gemeentes in Istanboel en Ankara. Hulle is deel van die WRF.

Besluit: Kennis geneem.

Vir besluitneming

7.3 *Aanbeveling*

Dat die Deputate voortgaan om gesprekke te voer met die Protestante Kerke in Turkye, met die oog op samewerking en ekumeniese bande.

Besluit: Goedgekeur.

D. **AANVULLENDE RAPPORT**

Reformed Church Japan (RCJ) - Ekumeniese eenheid

Vir kennisname

1. Opdrag

1.1 Daar word in die volgende termyn van die Deputate se werksaamhede weer ‘n Deputaat afgevaardig om ‘n Sinode van die RCJ by te woon.

1.2 Die ekumeniese eenheid in leer, diens en tug word bevestig soos dit tans bestaan en geformuleer is.

1.3 Nouer samewerking word met die Kosin PCK, PCA en OPC gesoek wat aktief werksaam is in sendingwerk in Japan.

1.4 Verdere aandag word gegee aan die moontlikheid om ‘n sendeling na Japan te stuur. Samewerking met Missie Japan word in die verband voortgesit.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.4 kennis geneem.

2. Uitvoering van opdrag

2.1 Die 69e General Assembly van die RCJ is in Oktober 2014 deur prof SP van der Walt bygewoon en ‘n groeteboodskap van die GKSA is aan die RCJ oorgedra.

2.2 Kennis is geneem van die RCJ se besluit om benewens die diens van diaken, ook die ander twee besondere dienste vir vroue oop te stel.

2.3 Besoek is afgelê by die RCJ se Teologiese Skool te Kobe waartydens ‘n direkte uitnodiging aan studente gerig is om hulle graad- en nagraadstudies in Potchefstroom te kom loop. ‘n Uitnodiging is ook aan doserende personeel gerig om die NWU te oorweeg vir navorsingsbesoeke.

2.4 Kontak is gemaak met die President van die Tokyo Christian University. Verkennende gesprekke is gevoer oor die moontlikheid van toekomstige samewerking.

2.5 Kontak is opgeneem met dr Stephan van der Watt van Missie Japan. Gesprek is gevoer oor die behoefte aan nouer samewerking en die GKSA se behoefte om betrokke te raak by sendingwerk in Japan.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.5 kennis geneem.

Vir besluitneming

3. Aanbevelings

3.1 Die GKSA vaardig ‘n Deputaat af om die Sinode van die RCJ in 2016 te Sendai by te woon wanneer die RCJ sy 70ste bestaansjaar vier.

3.2 Ekumeniese eenheid in leer diens en tug word herbevestig.

3.3 Dat gesprekke oor die interpretasie van ekumeniese eenheid tussen die GKSA en die RCJ voortgaan.

3.4 Die te benoeme Deputate ontvang opdrag om die Rapport en die besluit van die RCJ aangaande vroue in die ampte van ouderlinge en predikante te bestudeer en aanbevelings daaroor te maak oor hoe dit die verhouding tussen die GKSA en die RJC raak. Vanweë die laat stadium van die RCJ se Sinode was daar nie genoegsame tyd om die Rapport en die besluit behoorlik te bestudeer en by hierdie Sinode daaroor aanbevelings te kon maak nie.

3.5 Dat die te benoeme Deputate moontlike samewerking tussen die GKSA en die Teologiese Skool te Kobe, asook die Christelike Universiteit te Tokio fasiliteer.

3.6 Wyses van sendingsamewerking tussen die GKSA en Missie Japan asook ander kerke met wie die GKSA ekumeniese bande het en wat werksaam in Japan is, word aan die te benoeme Deputate opgedra.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.6 goedgekeur.